EK EN MY PA RY IN DIE LANDCRUISER

deur Tom Dreyer, 2020

ek en my pa ry in die landcruiser
tussen haruchas se opgehewe riwwe
deur 'n landskap van telefoonpale
waarin net leonard cohen
ons gedagtes en ons woorde versoen

in die padreserwe skuifel 'n likkewaan
van kop tot stert 'n gespikkelde stang
met 'n tong soos 'n aftaster en twee oorgate
ingestel op die nuutskepping van ons koms

só staan hy in 'n dralende
konsentraat van stof en woorde
in 'n middag wat uitspreekbaar voel

tot hy uitmekaarspat in 'n warboel
van beweging deur chaotiese bosse en los
gruis tot by 'n telefoonpaal waar selfs sý
kloue faal en hy keer op keer af-
gly teen die gladde kreosoot